

# Kan die kerk die wêreld verander?

*Christian prayer is complete only when we intercede for the common good of all and not merely for ourselves – Martin Luther.*

## Kan die kerk die wêreld verander?

*The great use of a life is to spend it on something that outlasts it – William James*

Die waarheid van hierdie stelling word treffend geïllustreer in die eerste paar bladsye van Handeling. 'n Klein groepie ongekwalifiseerde mense het letterlik die wêreld omgekeer. Nou, 2 000 jaar later, volg miljoene mense hierdie beweging wat God begin het deur hierdie mense te gebruik. Hoekom kon God hulle so kragtig gebruik? In Handeling 1 – 2 kry ons sekere eienskappe wat hierdie vraag beantwoord. Wat bemoedigend is, is dat hierdie selfde eienskappe vandag steeds deur ons gebruik kan word. Kom ons kyk na hulle.

### 1. Hulle het geloof gehad wat tot gehoorsaamheid gelei het

Hulle het God vertrou en eenvoudig gedoen wat Hy gesê het hulle moet doen. God beveel hulle om nie van Jerusalem af weg te gaan nie (1:4). Nou Jerusalem was nie juis 'n vriendelike plek vir hierdie groepie nie. Dit was die laaste plek waar hulle sou wou bly. Hoekom bly hulle dan in Jerusalem? Omdat Jesus hulle beveel het om daar te bly. As ons die wêreld wil verander moet ons na God luister en doen wat Hy sê. Ongelukkig is ons gedurig besig om strategieë en planne te ontwikkel. Ons

het nie tyd om na God te luister nie. Onthou: ons gaan nie die wêreld verander nie. Ons moet by God se missie om die wêreld te verander, aansluit.

## 2. Hulle het 'n passie gehad wat eenheid bevorder het

*Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed (1:14).* Van hoeveel van ons gemeentes kan ons sê dat die lidmate eensgesind is. Hoe het dit in die vroeë kerk gebeur? Die sleutel kry ons in 1:3: *Na sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe.* Jesus het met hulle oor die koninkryk van God gepraat. Vir veertig dae na sy opstanding praat Jesus met hulle oor die koninkryk. Die koninkryk is God se soewereine optrede in die wêreld wat verseker dat mense in die regte verhouding met Hom is. Niks was vir hulle belangriker as juis God se roeping nie.

## 3. Hulle het gebid

Lees net 1:8 – 11. In vers 8 sê Jesus vir hulle: “Hierdie is my plan ... julle gaan in Jerusalem waar die mense julle haat bly ... dan gaan julle na Samaria, daar waar julle die mense haat ... daarna gaan julle na die uithoeke van die wêreld waar julle nie weet wat om te verwag nie.” Asof dit nie genoeg is nie, word Jesus in die hemel opgeneem – hulle is alleen. Hulle kyk stip na die hemel. Twee engele verskyn aan hulle en vertel die dissipels dat hulle nou besig moet raak. *Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk. Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel sien opgaan het.*

Met hierdie woorde verander alles: Jesus kom weer. Hulle gaan terug na Jerusalem en kom in die bovertrek bymekaar. En dan:

*Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed (1:14). Hulle besef dat hulle sonder God se hulp hopeloos was. Vandag het ons tyd vir alles ... behalwe gebed.*

4. Hulle het die Heilige Gees wat vir hulle krag gegee het, gehad.

Ons kan nie presies verduidelik wat in Handeling 2 gebeur het nie. Ons weet egter verseker dat die Gees van God die kerk bemagtig het. Wat ons vandag nodig het, is die vars teenwoordigheid van die Heilige Gees. Dan word gewone mense op ongewone wyses gebruik. As die Gees van God beweeg, moet ons seker maak dat ons seile gespan is om by Hom aan te sluit waar Hy besig is om te werk.